

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

N v L (1860/2012) [2015]

ZAFSHC 73 (16 March 2015)

[2015] ZAFSHC 73

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

Daffue R

CASE / FILE NUMBER

1860/2012

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

SAFLII Note: Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA

VRYSTAAT AFDELING, BLOEMFONTEIN

Saaknommer.: 1860/2012

In die saak tussen:

T[...] N[...]Eiseres

en

F[...] L[...]Verweerder

UITSPRAAK DEUR: DAFFUE, R

AANGEHOOR OP: 27 en 28 JANUARIE 2015

GELEWER OP: 16 MAART2015

I INLEIDING

- [1] Twee voormalige eggenote is in 'n stryd gewikkel wat verband hou met die beweerde wysiging van hul skikkingsakte wat in 2004 met die ontbinding van hulle huwelik 'n hofbevel gemaak is. Na aanhoor van die getuienis en die argumente namens die partye is dit nou my taak om die geskil te besleg.

II DIE PARTYE

[2] Eiseres is Me T[...] N[...] en verweerder is Mnr F[...] L[...]. Beide van hulle woon steeds in Sasolburg soos wat ook die geval was toe hulle nog met mekaar getroud was.

[3] Eiseres is verteenwoordig deur Adv J. Els en verweerder deur Adv H.J. Benade.

III DIE AANGEVRAAGDE REGSHULP

[4] Eiseres versoek die volgende regshulp in haar gewysigde besonderhede van vordering:

“1. Die addendum gedateer 23 Augustus 2006 (aansluiting “A” tot die Besonderhede van Vordering) word ‘n bevel van die hof gemaak.

2. Betaling van die bedrag van R414 000,00.
3. Rente op die bedrag van R414 000,00 teen 15,5% per jaar vanaf datum van dagvaarding tot datum van betaling.
4. Koste van die geding.
5. Verdere en alternatiewe regshulp.”

IV DIE GESKILPUNTE EX FACIE DIE PLEITSTUKKE

[5] Dit is eiseres se saak dat die skikkingsakte wat sy en verweerder in 2004 aangegaan het, welke ‘n hofbevel gemaak is op 12 Augustus 2004, op 23 Augustus 2006 gewysig is kragtens ‘n skriftelike ooreenkoms gesluit tussen die partye. Dit handel oor die verdeling en transporterings van die onroerende eiendom wat hulle gesamentlik as mede-eienaars gehou het, maar ook ‘n onderneming van verweerder om aan haar die bedrag van R6 000.00 per maand te betaal vanaf 1 Oktober 2006. Die onroerende eiendom is getranspoteer ooreenkomstig die ooreenkoms, maar weier en/of versuim verweerder om die maandelikse bedrae van R6 000.00 te betaal. Tewens, in haar gewysigde besonderhede van vordering pleit eiseres dat verweerder nie die geïgtheid van die 2006 ooreenkoms erken nie omdat dit nie ‘n hofbevel gemaak is nie en vra sy nou ook dat dit ‘n hofbevel gemaak word. Sy eis , R414 000.00, skynbaar die omvang van die bedrag betaalbaar toe aksie ingestel is, plus moratore rente.

[6] Die volgende is in geskil aldus die verweerskrif:

6.1 Alhoewel dit erken word dat ‘n dokument op 23 Augustus 2006 onderteken is deur die partye, (“die 2006 ooreenkoms”), ontken verweerder die geïgtheid van die beweerde ooreenkoms.

6.2 Verweerder pleit dat die 2006 ooreenkoms, welke volgens eiseres ‘n wysiging van die partye se 2004 skikkingsakte daarstel, nie kan dien as sodanige wysiging nie omdat paragraaf 8 van die 2004 skikkingsakte uitdruklik -bepaal dat enige wysiging daarvan slegs van krag sal wees indien dit deur beide partye onderteken en deur die hof ‘n bevel gemaak is, welke nie gebeur het nie. Bygevolg is dit verweerder se saak dat die 2006 ooreenkoms nietig en/of ongeldig en/of onafdwingbaar is.

6.3 Verweerder pleit ook dat die onderneming deur hom gegee in klousule 5 van die 2006 ooreenkoms - dat hy R6 000,00 per maand aan eiseres moet betaal vanaf 1 Oktober 2006 - gemaak is nadat eiseres opsetlik en bedrieglik aan hom voorgehou het dat sy armoedig en/of behoeftig is en/of geldelik swaarkry, welke voorstelling wesenlik maar vals was en gemaak is met die bedoeling om verweerder te oorreed om die onderneming te gee. Hy beweer dat hy die ooreenkoms gekanselleer het op grond van haar wanvoorstelling en dat hy geregtig is op'n hofbevel ter bekragtiging van sy kansellasië.

6.4 Voorts pleit verweerder dat die onroerende eiendomme voor 31 Desember 2006 oor en weer getransporteer is ter uitvoering van die 2006 ooreenkoms en dat eiseres se reg om die 2006 ooreenkoms tot 'n hofbevel te verhef reeds verjaar het voor of op 31 Desember 2009 en dus voor uitreiking van eiseres se dagvaarding.

6.5 Dit word voorts in die alternatief gepleit dat eiseres se regte uit hoofde van die 2006 ooreenkoms eers sou ontstaan nadat dit 'n hofbevel gemaak is en dat die aksie dus prematuur is.

6.6 Voorts en in die alternatief is gepleit dat indien die 2006 ooreenkoms geldig en. afdwingbaar is, die eis ten opsigte van die betaling van alle maandelikse paaieimente van R6 000,00 betaalbaar meer as drie jaar voor betekening van die dagvaarding, verjaar het.

6.7 Verweerder pleit ook dat prestasie deur hom onmoontlik was op grond van die bewerings vervat in die verweerskrif welke ek nie volledig mee handel nie.

[7] In die repliek ontken eiseres dat verjaring in werking getree het en steun sy op 'n beweerde opskortende voorwaarde en pleit voorts dat haar regte uit hoofde van die 2006 ooreenkoms terugwerkend van toepassing sou wees sodra dit 'n hofbevel gemaak word.

[8] In die reel 37 minuut word die sogenaamde belangrike kwessies vir beregting soos volg geïdentifiseer:

1. Of die skikkingsakte regsgeldig gewysig is al dan nie;
2. Indien die hof so bevind, waiter bedrag deur verweerder aan eiseres verskuldig is.

Geen woord word in hierdie minuut gerep ten aansien van die verweer van verjaring nie. Tog was beide advokate dit eens tydens die verhoor dat dit steeds in dispuut is en deur my bereg moet word.

V DIE 2004 SKIKKINGSAKTE

[9] Dit is nodig om aan te toon wat die partye met hul egskeiding beding het insoverre dit relevant tot die huidige geskil is. Die partye was in gemeenskap van goed getroud en hul onroerende eiendomme was in beide hul name geregistreer. In paragrawe 1 en 2 van die 2004 skikkingsakte is met die partye, wat mede-eienaars van hulle onroerende eiendomme was, se belang daarin gehandel. Dit is ooreengekom dat die vier woonhuise sowel as die besigheidspersoneel (op twee erwe geleë) op beide van hulle se name geregistreer sou bly en is onder andere voorsiening gemaak vir 'n moontlike toekomstige verkoping daarvan.

[10] In paragraaf 7 is soos volg ooreenkom gekom:

“BESIGHEIDSBELANGE IN DHL ENGINEERING (PTY) LTD & AMT CONSULTANTS CC

Die Partye kom ooreen dat hulle gesamentlik eienaars sal bly van die onderskeie besighede totdat die een Party die ander Party kan uitkoop of totdat een van die Partye ‘n Koper vir sy aandeel kry. Die Partye kom ooreen om die ander Party te ken en die Party se toestemming te verkry vir enige Koper in die toekoms. Die Partye kom ooreen om die besigheid te bedryf na egskeiding op dieselfde basis as wat dit gedoen is voor egskeiding.”

[11] Paragraaf 8 bevat die verskansingsklousule waarna hierbo verwys is en bepaal dat enige wysiging van die skikkingsakte slegs van krag sal wees indien dit deur albei partye onderteken en deur die hof ‘n bevel gemaak is.

VI DIE 2006 OOREENKOMS

[12] Hierdie ooreenkoms is opgestel deur prokureur Stroebel van die prokureursfirma Molenaar, Griffiths en Melato te Sasolburg en was hy die prokureur wat die partye se besigheidsbelange hanteer het. Volgens eiseres se getuienis was hy ook haar persoonlike prokureur. Die doel met die opstel van die 2006 ooreenkoms soos blyk uit die aanhef is duidelik en ek haal aan: “Aangesien die partye getroud was en; Aangesien die partye geskei is op 12 Augustus 2004; En aangesien die Skikkingsakte geswyg het oor ‘n behoorlike verdeling van die eiendomme tussen hulle; Nou derhalwe kom hulle soos volg ooreen:” Die opskrif, synde “Addendum”, is aanduidend daarvan dat die partye bedoel het dat dit saamgelees moes word met hui 2004 skikkingsakte.

[13] Anders as wat die partye aanvanklik ooreengekom het en soos dit ook uit die getuienis blyk waarna ek later sal verwys, was dit kort na die egskeiding nie meer moontlik om saam te werk wat die partye se besigheid betref of om mede-eienaars van die onroerende eiendomme te bly nie. Elke party het gevolglik ooreenkomstig die 2006 ooreenkoms bepaalde eiendomme in voile eiendomsreg ontvang. Registrasie van transport van die onroerende eiendomme is inderdaad bewerkstellig gedurende 2006 soos wat deur die partye in hierdie ooreenkoms in die vooruitsig gestel is en is daar geen dispuut hieromtrent nie.

[14] Alhoewel die aanhef tot die 2006 ooreenkoms net verwys na die verdeling van eiendomme, is ‘n klousule 5 ingevoeg wat soos volg lees:

“F[...] betaal aan T[...] ‘n bedrag van R6 000,00 per maand vanaf 1 Oktober 2006. Die bedrag sal jaarliks by ooreenkoms aangepas word met inagneming van bekostigbaarheid en behoefte. Die bogenelde bedrag sal, vry van wisselkoste, in T[...] N[...] se rekeningnommer [...] by Standard Bank, Vanderbijlpark inbetaal word voor of op die 7de van elke maand.”

Hierdie klousule en die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het is volledig in die getuienis aangespreek, onder andere vanweë verweerder se pleit dat hy weens wanvoorstelling daartoe beweeg is. Ek handel hiermee wanneer ek die getuienis ontleed.

VII DIE GETUIENIS

[15] Slegs twee getuies het in die verhoor getuig, te wete eiseres en verweerder. Ek is ook deur beide partye in hul getuienis verwys na 'n bundel dokumente wat as bewysstuk "A" ontvang is, welke bundel onder andere die twee ooreenkomste waarna verwys is vervat, sowel as 'n verskeidenheid van transportaktes en twee uittreksels uit die Standard Bank rekenings van DHL Engineering (Edms) Bpk ("DHL

Engineering"). Mnr Benade, namens verweerder, wat met die aanbod van getuienis begin het, het in sy openingsbetoog aangedui

dat Mnr L[...] pertinent getuienis sal aanbied met betrekking tot die verwere van wanvoorstelling en verjaring, maar dat hy nie daardeur enige van die ander verwere vervat in die verweerskrif abandoneer nie.

[16] Verweerder het erken dat die 2006 ooreenkoms aangegaan is tussen horn en eiseres. Hy het ook erken dat hy geen paalement hoegenaamd in terme van klousule 5 van hierdie ooreenkoms aan eiseres betaal het nie, die aanvanklike rede synde dat die ooreenkoms nie 'n hofbevel gemaak is nie. Volgens hom het eiseres gekla dat sy nie met haar geld uitkom nie en dat sy ook baie mediese uitgawes het. Dit was dan die rede waarom hy toegestem het om R6 000,00 per maand te betaal aan haar met ingang van 1 Oktober 2006. Volgens hom het eiseres aangedring dat die ooreenkoms 'n hofbevel gemaak moet word omdat sy hom nie vertrou nie. Hy het ook aangevoer dat die 2006 ooreenkoms met betrekking tot die betaling van die R6 000,00 per maand slegs 'n "voorstelling" was en dat hy hom nie daaraan gebonde geag het alvorens dit 'n hofbevel gemaak is nie. Hy erken dat hy wel gedeeltelike uitvoering gegee het aan die 2006 ooreenkoms deurdat die eiendomme oor en weer getranspoteer is soos deur die partye ooreengekom.

[17] Gedurende die middel van 2007 het hy toevallig verneem van eiseres se vriend dat sy oor verskeie ander onroerende eiendomme beskik op grond waarvan hy sy suster opdrag gegee het om 'n aktesondersoek te doen en het hy uiteindelik vasgestel dat sy die geregistreerde eienaar van etlike onroerende eiendomme is. Afskrifte van die transportaktes van al daardie eiendomme is vervat in bewysstuk "A" en dit is nie nodig om na elkeen daarvan te verwys, behalwe insoverre ek later sal aantoon waiter kennis verweerder daarvan gehad het. Dit is juis verweerder se ontdekking van die feit dat eiseres die eienaar van verskeie eiendomme is wat horn laat besef het dat sy in 2006 'n wanvoorstelling teenoor horn gepleeg het deur te beweer dat sy armlastig en nie in staat is om haarself te onderhou met die karige huurinkomste wat sy ontvang het en ook gegewe haar hoë mediese uitgawes nie. Volgens hom sou hy definitief nie die 2006 ooreenkoms aangegaan het met betrekking tot die betaling van R6 000,00 per maand

indien hy bewus was van die ware feitlike posisie nie.

- [18] Ter opsomming dus was verweerder se weergawe dat hy aanvanklik nie die R6 000,00 per maand betaal het nie omdat hy op 'n hofbevel gewag het en die ooreenkoms slegs as 'n "voorstelling" beskou is, maar dat hy in elk geval gedurende die middel 2007 uitgevind het dat eiseres hom bedrieg het en dat hy op grond van haar wesenlike wanvoorstelling hom nie gebonde ag aan enige ooreenkoms in hierdie verband nie.
- [19] Aan die einde van sy hoofgetuienis het verweerder aangevoer dat eiseres R600 000,00 uit die besigheid gevat het en dat hy besluit het om dit af te skryf teen haar aandeelbelang in die besigheid. Volgens hom het hy geen vooraf kennis gedra van hierdie onttrekking nie. Dit blyk ook uit die kruisverhoor dat hy geen bewys van hierdie onttrekking kon voorlê nie en alhoewel hy die aangeleentheid

met prokureur Stroebeel bespreek en hulle twee "ooreengekom" het dat die R600 000,00 afgespeel moet word teen eiseres se belang in die besigheid, geen so ooreenkoms met eiseres gesluit is nie. Verweerder het versuim om enige stawende getuienis met betrekking tot die beweerde onttrekking aan te bied, hetsy in die vorm van dokumentêre getuienis, of viva voce getuienis, en is dit hewig deur eiseres betwis. Op verweerder se weergawe moes hierdie onttrekking piaasgevind het in 2006 en hou dit nie verband met die latere onttrekkings van bykans R600 000,00 wat eiseres uit die besighedsrekening gemaak het in 2009 en direk daarna weer terugbetaal is nie. Hierdie R600 000,00 is volgens verweerder onttrek net na die 2006 ooreenkoms op 23 Augustus 2006 aangegaan is. Ek meld nou reeds dat sy getuienis rondom hierdie aspek baie vaag is en alhoewel hy beweer het dat hy 'n getuie kon kry om sy weergawe te staaf, is geen getuienis in hierdie verband aangebied nie. Terselfdertyd is dit verweerder se weergawe dat hy besef het dat hy in elk geval een of ander tyd vir eiseres sou moes uitkoop ten aansien van haar besighedsbelang en dit is die rede waarom hy die R600 000,00 afgespeel het teen haar aandeel in die besigheid sonder dat dit enigsins met eiseres bespreek is. Verweerder het ook voortgegaan om DHL Engineering, die maatskappy waarin hy en eiseres 'n gelyke aandeelhouding gehad het, dormant te laat raak en het hy 'n nuwe besigheid gestig, synde Gambin Engineering (Edms) Bpk wat vanuit dieselfde besighedsperseel dieselfde tipe besigheid en met dieselfde klante van DHL Engineering besigheid begin bedryf het. Sodoende is DHL Engineering se besigheid eenvoudig gekaap deur 'n ander entiteit en met verweerder as die enigste belanghebbende voortgesit.

- [20] Verweerder het bevestig dat hy en eiseres R14 000,00 per maand uit die besigheid getrek het toe hulle DHL Engineering bedryf het en dat dit so aangegaan het tot net voor die ooreenkoms van Augustus 2006 of soos eiseres dit gestel het, tot die winter van

2006. Dit was gemeensaak dat op 23 Augustus 2006 toe die 2006 ooreenkoms onderteken is, eiseres nie meer 'n salaris uit die besigheid ontvang het nie. Eiseres wat die boeke van die besigheid gedoen het, het getuig dat hulle elkeen R18 000,00 per maand uit die besigheid onttrek het en verweerder het dit nie in kruisondervraging betwis nie.

- [21] Mnr Els, namens eiseres, het dit in kruisverhoor by meer as een geleentheid aan verweerder gestel dat die ooreenkoms met betrekking tot betaling van R6 000,00 per maand nie bedoel was om onderhoud te wees vanweë die feit dat eiseres geldelik gesukkel het nie, soos wat

Mnr Benade tot en met sy slotbetoog aangevoer het, maar dat die partye bedoel het dat dit 'n teenprestasie sou wees vir die verkryging van haar 50% belang in DHL Engineering. Verweerder het dit herhaaldelik ontken, maar uiteindelik aangetoon dat hy nie meer kan onthou nie omdat die gebeure tien jaar gelede afgespeel het. Volgens verweerder het eiseres nie voor Augustus 2006 gekla dat sy geldelik swaarkry nie en die rede hiervoor is immers duidelik. Sy het 'n salaris van R18 000,00 per maand tot op daardie stadium ontvang. Dit is namens eiseres aan verweerder gestel dat die R6 000,00 per maand vir altyd betaalbaar sou wees en dat daar nie op 'n afsnypunt ooreengekom is nie. Dit is ook aan verweerder gestel dat hy terdeë bewus was van die polis-opbrengs wat eiseres toegekomp het en waarop hy nie tydens die egskedding aanspraak gehad het nie en waarmee sy onder andere onroerende eiendomme aangekoop het. Ook dat hy voor die sluiting van die 2006 ooreenkoms bewus was van ander onroerende eiendomme, onder andere wat aangekoop is van 'n Bester en 'n Willemse. Verweerder was vaag in hierdie verband, maar kan afgelei word uit sy getuienis dat hy dit nie kon betwis dat hy wel kennis van hierdie twee transaksies gehad het nie.

- [22] Eiseres het getuig dat sy en verweerder die besigheid wat as DHL Engineering bedryf is, saam opgebou het en dat sy die boeke daarvan gedoen het. Beide van hulle het R18 000,00 per maand salaris daaruit ontvang totdat sy opgehou het om daar te werk net voor die Augustus 2006 ooreenkoms gesluit is. Sy het na die egskedding vanaf haar huis gewerk omdat sy ernstig beseer was in 'n motorfietsongeluk en op 'n stadium aan 'n rolstoel vasgekluiser was. Verweerder het dan die werk huistoe gebring ten einde haar in staat te stel om haar pligte na te kom. Hulle kon uiteindelik nie langer saamwerk nie vanweë verweerder se kwetsende optrede teenoor haar en het sy teen die winter van 2006 opgehou werk. Sy was telkens baie emosioneel in haar getuienis en ek meen dat sy haar getuienis op 'n opregte wyse aangebied het. In teenstelling met verweerder wat hardvogtig teenoor haar voorgekom het, het sy simpatie teenoor verweerder getoon. Sy het aangetoon dat sy nie die mat onder sy voete wou uittrek deur op 'n kontantbedrag vir haar aandele in DHL Engineering aan te dring nie en daarom besluit het op afbetaling van slegs R6 000,00 per maand. Aanvanklik wou sy R15 000,00 per maand hê, maar verweerder het gemeen dis te veel is en het hulle later afgekom na R10 000,00 en uiteindelik R6 000,00 per maand. Mnr Benade het dit aan haar gestel dat die wyse waarop klousule 5 ingekleur is, sowel as die bewerings in die besonderhede van vordering vervat, aanduidend daarvan is dat die partye eintlik bedoel het dat verweerder onderhoud aan eiseres sou betaal, die rede synde dat bekostigbaarheid en behoefte spesifiek vermeld word. Sy het aangetoon dat dit niks met haar behoefte te doen het nie maar of verweerder die R6 000,00 per maand in die toekoms sou kon bekostig. Sy ontken dat dit ooit ter sprake was tydens die sluiting van die 2006 ooreenkoms dat dit 'n hofbevel gemaak sou word. Eiseres het dit duidelik gemaak dat sy op afbetaling ooreengekom het omdat sy nie wou gehad het dat verweerder alles moet verkoop om haar te kan betaal nie. Volgens haar het die gesprekke tussen haar, verweerder en prokureur Stroebel voorafgaande sluiting van die ~2006 ooreenkoms net oor die onroerende eiendom en die partye se besigheid gegaan. Daar is nooit gepraat oor haar swaarkry of finansiële onvermoë nie en is dit haar saak dat verweerder in elk geval in die verlede nie bereid was

om haar te help en het sy hom ook nooit vir hulp gevra nie en was sy heeltemal op haar eie aangewese. Sy het dan verduidelik hoe sy eiendom aangekoop het met die polisopbrengs en ook dat verweerder nog kwaad was dat hy nie in die polisopbrengs kon deel nie. Sy het ook bevestig dat verweerder terdeë bewus was van spesifiek die aankoop van die Bester en Willemse eiendomme en is dit onnodig om in verdere detail met betrekking tot verweerder se kennis en eiseres se getuienis daaromtrent te verval.

- [23] Volgens eiseres het sy vir die eerste keer in 2012 bewus geword van die feit dat die 2006 ooreenkoms slegs regsgeldig sou wees en afgedwing kon word indien dit ooreenkomstig klousule 8 van die 2004 skikkingsakte 'n hofbevel gemaak word. Dit was by 'n geleentheid toe sy 'n ander prokureur, Mnr Du Plessis, gekonsulteer het met betrekking tot advies wat sy ingewin het in verband met 'n ander saak.
- [24] Eiseres het ten sterkste ontken dat sy 'n bedrag van R600 000,00 uit die besigheidsrekening onttrek het en ontken ook dat daar enige sprake was, hetsy vanaf verweerder of van haar prokureur Stroebel, dat hierdie R600 000,00 afgespeel sou word teen haar aandeelhouding in die besigheid. Sy het wel erken dat sy die bykans R600 000,00 onttrek het in 2009 vanweë die feit dat verweerder nie sy verpligtinge teenoor haar nagekom het nie, maar op advies van die bankbestuurder en nadat kriminele stappe teen haar ingestel is, het sy dit onmiddellik weer terugbetaal. Die kort en lank van eiseres se getuienis is dat sy afstand gedoen het van haar 50% besigheidsbelang in ruil vir betaling van die bedrag van R6 000,00 per maand vanaf 1 Oktober 2006 vir 'n onbepaalde tydperk.
- [25] Sy het bevestig dat die 2004 skikkingsakte wat 'n hofbevel gemaak is, inderdaad destyds deur haar prokureur met haar bespreek is, maar dat dit nie paragraaf vir paragraaf hanteer is nie en dat sy geensins bewus was van die bepaling van klousule 8, te wete die verskansingsklousule nie. Sy het erken dat sy ook na die tyd 'n afskrif van die 2004 skikkingsakte ontvang het en dat sy dit te enige tyd kon deurlees. Op 'n stelling onder kruisverhoor dat sy deurgaans bewus was van die inhoud van die 2004 skikkingsakte het sy herhaal dat sy nie bewus was van die bepaling vervat in klousule 8 nie.

VIII VERWEER VAN WANVOORSTELLING: EVALUERING VAN DIE GETUIENIS

- [26] Eiseres het 'n heelwat meer gunstige indruk op my gemaak as verweerder en alhoewel daar ook onwaarskynlikhede in haar weergawe is, is ek van oordeel dat haar getuienis goed voorgedra is, dat sy seker was van haarself en haar nie weerspreek het nie. Haar geheue het haar ook nie parte gespeel soos wat die geval met verweerder was nie. Die enigste punt van kritiek is die kwessie van hoe waarskynlik dit is dat partye wat op die vervreemding van 'n aandeelbelang in 'n besigheid sou ooreenkom, nie die koopprys sou bepaal en dit ook uiteensit in die skriftelike ooreenkoms nie. Ek sou ook verwag dat die geykte klousules en terme wat gewoonlik verband hou met die verkoop van aandeelhouding in maatskappye daarin vervat sou word. Dit het nie gebeur nie. Verweerder, aan die ander kant, was 'n swak getuie wat in verskeie opsigte uiters vaag was. Hy het my nie beïndruk nie en dis duidelik dat hy wraaksugtig teenoor eiseres is.

[27] Die partye het nie in 2004 met hul egskedding ooreengekom dat onderhoud aan eiseres betaalbaar sou wees nie, juis vanweë die feit dat hulle mede-eienaars in 'n vooruitstrewende besigheid was en ook verskeie eiendomme gesamentlik besit het. Die posisie het dramaties verander toe hulle nie meer kon saamwerk nie en eiseres die vooruitstrewende besigheid verlaat en enige verdere aanspraak op salaris verloor het. Insoverre verweerder enige onderhoudsplig teenoor eiseres gehad het gedurende die huwelik, het daardie onderhoudsplig verval op die stadium toe die egskeddingsbevel verleen en geen bevel met betrekking tot onderhoud gemaak is nie. Verweerder het dus geen onderhoudsplig teenoor eiseres gehad in 2006 nie. Klousule 5 bevat ook nie 'n bepaling tot die effek dat die bedrag van R6 000,00 per maand sal verval by die dood of hertrouwe van eiseres soos wat normaalweg gevind word in ooreenkomste met betrekking tot die betaling van onderhoud nie. Alhoewel ek in beginsel bereid is om eiseres se getuienis te aanvaar en dus ook te aanvaar dat die bedrag van R6 000,00 per maand beskou moet word as afbetaling op die koopprys van haar aandeelbelang in die besigheid, bevraagteken ek die geïgtheid van die ooreenkoms vanweë die feit dat die koopprys nie bepaal of bepaalbaar is nie. Uit die aard van die saak is so 'n verweer nie deur verweerder gepleit nie omdat verweerder nie kon geweet het dat dit eiseres se weergawe is dat klousule 5 van die 2006 ooreenkoms bedoel is om haar vergoeding vir haar aandeelhouding uiteen te sit nie. Dit blyk immers nie uit die pleitstukke nie en het eers in die getuienis te berde gekom. Ek het egter min twyfel dat eiseres geen wanvoorstelling teenoor verweerder gepleeg het nie en dat verweerder se verweer in hierdie verband verwerp behoort te word. Dit beteken egter nie dat eiseres suksesvol is nie vanweë die bevinding waartoe ek hierinlater kom.

IX VERJARING

[28] Ek het hierbo vermeld dat die een vername grond waarop verweerder gesteun het vir sy aanspraak dat eiseres se eis van die hand gewys behoort te word, te wete wanvoorstelling, nie enige meriete het nie. Ongelukkig vir eiseres is dit nie die einde van die saak nie. Afgesien van my bedenkinge met betrekking tot die geïgtheid en afdwingbaarheid van die ooreenkoms waarop eiseres steun vanweë die feit dat die koopprys van haar aandeelbelang nie bepaal of bepaalbaar is nie, kan eiseres myns insiens nie oor die hekkie van verjaring kom nie.

[29] Die 2006 ooreenkoms is soos reeds vermeld op 23 Augustus 2006 gesluit. Die partye het duidelik in gedagte gehad dat hierdie

ooreenkoms eintlik maar 'n addendum tot die 2004 skikkingsakte moet wees en is die ooreenkoms ook so tipeer. Die aanhef maak dit duidelik dat die partye bedoel het om die 2004 skikkingsakte te wysig. Daarteenoor bevat die 2004 skikkingsakte die gewraakte

klousule 8 wat 'n verskansingsklousule is en is dit duidelik dat geen wysiging daarvan van krag sal wees tensy dit deur die partye onderteken en 'n hofbevel gemaak is nie. Indien verweerder se weergawe aanvaar sou word, hoe ironies dit ook mag klink, sou daar moontlik ruimte wees vir 'n argument dat klousule 5 van die 2006 ooreenkoms nie bedoel was om die 2004 skikkingsakte

enigsins te wysig nie. Nêrens in die 2004 skikkingsakte is op enige onderhoud of periodieke betalings aan eiseres ooreengekom nie. Indien die ooreenkoms egter in konteks gesien word en ook in die lig van eiseres se getuienis, is ook klousule 5 daarvan ter wysiging van die 2004 skikkingsakte deurdat dit in effek die bepalinge van klousule 7 van daardie ooreenkoms wysig. Ek sê dit niesteenstaande die feit dat klousule 5 hoegenaamd geensins verwys na DHL Engineering, of AMT Consultants BK, of na die partye se besigheidsbelange van welke aard ookal nie. Getuienis is toegelaat rondom die omringende omstandighede wat aanleiding gegee het tot die sluiting van die 2006 ooreenkoms, nie net vanweë die verweer wat verweerder geopper het nie, maar om eiseres 'n geleentheid te gee om haar weergawe daaromtrent te stel. Daar was in elk geval geen beswaar teen die aanbod van sodanige getuienis nie. Ek is dus geregtig om die omringende omstandighede in ag te neem. Vergelyk Natal Joint Municipal Pension Fund v Endumeni Municipality 2012

(4) SA 593 (SCA) te para [18].

[30] Volgens eiseres is klousule 8 van die 2004 skikkingsakte nie uitdruklik onder haar aandag gebring nie, alhoewel sy erken het dat die ooreenkoms met haar deurgegaan is deur haar prokureur voor ondertekening. Sy het ook na die egskeidingsbevel 'n afskrif daarvan ontvang en het geleentheid gehad om dit deur te gaan indien sy wou. Volgens haar het prokureur Du Plessis in 2012 vir die eerste keer haar aandag daarop gevestig dat die ooreenkoms in 'n hofbevel vervat behoort te word om enige regsdrag te geniet. Sy het dus volgens haar eers daardwerklike kennis van die regsposisie ontvang in 2012 en indien dit aanvaar sou word as die enigste toepaslike kriterium om verjaring te beoordeel, het haar eis nie verjaar nie omdat die aksie reeds in 2012 ingestel is. 'n Tydperk van 3 jaar kon dus nie verloop het vanaf die mededeling deur prokureur Du Plessis tot die instel van die aksie nie. Ek aanvaar ook eiseres se weergawe dat dit nooit ter sprake was met die sluiting van die 2006 ooreenkoms, soos wat verweerder beweert, dat sy aangedring het dat die ooreenkoms 'n hofbevel gemaak word of dat daar inderdaad gesprekvoering rondom die verkryging van 'n hofbevel was op daardie stadium nie.

[31] Verjaring begin loop sodra die skuld opeisbaar is ooreenkoms artikel 12(1) van die Verjaringswet, 68 van 1969 en in hierdie verband is artikel 12(3) pertinent van toepassing welke subartikel soos volg lees:

“n Skuld word nie geag opeisbaar te wees voordat die skuldeiser van die identiteit van die skuldenaar en van die feite waaruit die skuld ontstaan, kennis dra nie: Met dien verstande dat 'n skuldeiser geag word om sodanige kennis te dra indien hy dit deur die beoefening van redelike sorg kon bekom het.” (my onderstreping)

[32] Dit is geëkte reg dat aan die woord “skuld” in die Verjaringswet 'n wye uitleg gegee word. Vergelyk onder andere die minderheidsuitspraak van Harms JA in Drennan Maud & Partners v Pennington Town Board [1998] ZASCA 29; 1998

(3) SA 200 (HHA) te 212F - J. “Skuld” of “debt” hou nie verband met 'n “skuldoorsaak” of “cause

of action” nie, maar met ‘n “eis” of “claim”. Vergelyk ook Desai NO v Desai NNO & Another

[1995] ZASCA 113; 1996

(1) SA 141 (A) en die volgende aanhaling te 146 1- 147 A:

“The term “debt” is not defined in the Act, but in the context of s 10(1) it has a wide and general meaning, and includes an obligation to do something or refrain from doing something. ... It follows that the undertaking in clause 13(d) to procure registration

of transfer was a “debt” as envisaged in s 10(1).”

[33] In Yellow Star Properties 1020 (Pty) Ltd v MEC. Department of Development Planning and Local Government (Gauteng) 2009

(3) SA 577 (HHA) te para [37] het die hof soos volg bevind:

“It was then argued by the applicant that by reason of the provisions of s 12(3) of the Prescription Act, prescription only began to run once Smit J had delivered his judgment as until then the applicant could not have known that the sale was invalid. Again, this argument cannot be accepted. The section provides that a creditor shall be deemed to have knowledge of the identity of the debtor and of the facts from which the debt arises if he could have acquired it by exercising reasonable care. ... It may be that the applicant had not appreciated the legal consequences which flowed from the facts, but its failure to do so does not delay the date prescription commenced to run.” (my onderstreping.)

Vergelyk ook Claasen v Bester 2012

(2) SA 404 (HHA) te para [16]:

“It is thus clear that prescription began to run on 3 March 2004, when Bester knew that no provision as to the price at which he could buy back the farm from Claasen had been included in the deed of sale. That he believed nonetheless that the provision was enforceable is not relevant. And attempts to register the ‘special conditions’ in the deed of sale against the title deeds by the legal representatives of both parties are also of no consequence.”

[34] In Macleod v Kweviva 2013

(6) SA 1 (HHA) te para [9] bevind die hof soos volg:

“The test is what a reasonable person in his position would have done, meaning that there is an expectation to act reasonably and with the diligence of a reasonable person. A creditor cannot simply sit back and by supine inaction arbitrarily and at will postpone the commencement of prescription. What is required is merely the knowledge of the minimum facts that are necessary to institute action and not all the evidence that would ensure the ability of the creditor to prove its case comfortably.”

In die mees onlangse beslissing het die Hoogste Hof van Appél by monde van Wallis AR op 4 Maart 2015 soos volg bevind in

PriceWaterhouseCoopers Inc and Others v National Potato Co-operative Ltd and Another (451/12)

[2015] ZASCA 2 (4 Maart 2015) te para [145]:

“The question is therefore whether by that date NPC had knowledge of the identity of the debtor and of the facts from which the claim arose or could by the exercise of reasonable care have acquired that knowledge. (Section 12(3) of the Prescription Act 68 of 1969). In a line of cases commencing with Drennan Maud & Partners v Pennington Town Board this court has consistently held that all that is required is knowledge of the minimum facts required to institute action. It is unnecessary for the claimant to be aware of the legal consequences of those facts. Where the claimant does not have actual knowledge of those facts, but could by the exercise of reasonable care have acquired that knowledge, that is equivalent to actual knowledge.” (my understreping)

[35] Ek het reeds bevind dat ek verweerder se weergawe verwerp dat eiseres sou aangedring het op 23 Augustus 2006 dat die 2006 ooreenkoms ‘n hofbevel gemaak word. Ek is oortuig dat hy sodanig getuig het as ‘n nagedagtenis en met inagneming van die verweer wat namens hom geopper is. Die feit bly egter staan dat eiseres verteenwoordig was deur haar prokureur toe die 2004 skikkingsakte aangegaan is en met die uitoefening van redelike sorg sou kon vasstel dat indien sy en verweerder in die toekoms daardie ooreenkoms sou wou wysig, dit slegs regsrag sou hê indien dit op skrif gestel en geteken is deur hulle en ‘n hofbevel gemaak word. Ek is eweneens tevrede dat insoverre eiseres op 23 Augustus 2006 op haar eie weergawe deur haar persoonlike prokureur en die besigheidsprokureur van die partye verteenwoordig was met die sluiting van die 2006 ooreenkoms, sy eweneens, indien sy die nodige sorg aan die dag gelê het, bewus sou geword het van die feit dat daardie ooreenkoms in ‘n hofbevel beliggaam sou moes word om enige regsrag te geniet. Selfs al was sy nie bewus van die regsgevolge van die partye se versuim om die 2006 ooreenkoms ‘n hofbevel te maak nie, kon sy deur die uitoefening van redelike sorg daardie inligting bekom het en moet aanvaar word dat sy inderdaad ooreenkomstig die PriceWaterhouseCooper beslissing supra daadwerklike kennis gehad het.

[36] Die verweerder het oor ‘n tydperk van 6 jaar voorafgaande die instel van aksie versuim om enige van die maandelikse paaiemente

waarop ooreengekom is te betaal. Ek vind dit vreemd dat eiseres nie die moeite gedoen het om hierdie geld vroeër te probeer invorder en in die proses ‘n prokureur gespreek het nie. Indien sy ‘n prokureur van die twee ooreenkomste voorsien het, sou hy in alle waarskynlikheid besef het dat die tweede ooreenkoms eers regsrag sal verkry indien dit ‘n hofbevel gemaak word. Ek moet in elk geval aanvaar dat Mnr Stroebel wat die 2006 ooreenkoms opgestel het, dit alleenlik sou doen nadat hy in besit gestel is van die 2004 skikkingsakte en onderhandelinge met betrekking tot die wysiging daarvan in sy teenwoordigheid plaasgevind het. Hier het skynbaar ‘n liederlike oorsig plaasgevind en dit is ongelukkig tot nadeel van eiseres as die sogenaamde skuldeiser wat ‘n skuld, synde die verkryging van ‘n hofbevel met betrekking tot die 2006 ooreenkoms, wil afdwing. Sy kan nie deur haar gebrek aan optrede verjaring uitstel nie. Vergelyk die aangehaalde pasassie in Macleod v Kweviva loc cit sowel as Uitenhage Municipality v Molloy [1997] ZASCA 112; 1998

(2) SA 735 (HHA) te 742B - 743A.

[37] Mnr Els het my probeer oortuig aan die hand van twee gewysdes, te wete BBS -Empanqeni CC v Phoenix Industrial Park (Pty) Ltd 2012 JDR 0501 SCA en VH v HH 2014 JDR 0800 (ECG) dat verjaring nie ingetree het na verstryking van die tydperk van drie jaar soos deur Mnr Benade gesubmitteer nie. Myns insiens ondersteun nie een van hierdie sake eiseres se argument nie. In die BBS Empanqeni CC v Phoenix Industrial Park (Pty) Ltd saak was die betrokke verkoping onderhewig aan opskortende voorwaardes. Die Hoogste Hof van Appél het die hof a quo gelyk gegee dat beide die appellant sowel as die respondente se eise voorspruitende uit die ooreenkoms verjaar het voordat die eiendom in 2002 in die naam van die munisipaliteit getranspoteer is. Die hof het in gemelde geval bevind dat insoverre die opskortende voorwaardes op 4 Oktober 1994 vervul is, beide die eis vir betaling van die koopprys sowel as die aanspraak op registrasie van transport op daardie stadium ontstaan en verjaring op gemelde datum begin loop het ingevolge artikel 12(1) van die Verjaringswet. In casu is daar nie sprake van opskortende voorwaardes nie. Die partye was verplig, en spesifiek dan eiseres wat aanspraak maak op sekere regte, om die 2006 ooreenkoms 'n hofbevel te laat maak binne drie jaar vanaf 23 Augustus 2006, te wete voor of op 22 Augustus

2009. Myns insiens is die blote feit dat verweerder en eiseres gedeeltelik presteer het ooreenkomstig die ooreenkoms insoverre dit registrasie van transport van die onroerende eiendomme betref, nie 'n aspek wat verjaring gestuit het ooreenkomstig artikel 14 van die Verjaringswet nie. Dit is ook nie die eiseres se saak op die pleitstukke of in argument voor die hof nie. Selfs indien dit so was en aanvaar word dat verweerder deur gedeeltelike nakoming uitdruklik of stilswyend aanspreeklikheid erken het, het verjaring weer begin loop aan die einde van Desember 2006 toe die registrasie van transport van die onroerende eiendomme plaasgevind het en het verjaring steeds in werking getree voor instel van die onderhawige aksie.

[38] Die feite in VH v HH loc cit is geheel en al onversoenbaar met die feite in casu. In gemelde saak is gesteun op 'n skikkingsooreenkoms wat inderdaad 'n hofbevel gemaak is en bygevolg was die verjaringstydperk

dertig jaar en nie die normale drie jaar soos in casu nie. Die 2006 ooreenkoms is juis nie 'n hofbevel gemaak nie. Die laaste saak waarna Mnr Els verwys het, Dharsey v Shelly 1995 (2) SA 58 (K), het ook verband gehou met 'n koopkontrak onderhewig aan 'n opskortende voorwaarde en gemelde saak is eweneens irrelevant vir doeleindes van beregting van die onderhawige geding.

X ALGEMEEN

[39] Dit is onnodig om met enige van verweerder se ander verwerre te handel. Ek volstaan bygevolg daarmee dat alhoewel eiseres 'n heelwat gunstiger indruk op my gemaak het as verweerder en alhoewel ek verweerder se verweer met betrekking tot wanvoorstelling verwerp, ek ongelukkig geen ander keuse het nie, en ek sê dit teensinnig, as om tot die gevolgtrekking te kom dat die reg nie aan eiseres se kant is nie. Die verweer van verjaring is 'n dodelike verweer en ek is oortuig dat, aan die hand van die objektiewe getuienis en dit wat gemeensaak is, tesame met die regsbeginsels, verweerder hom van die bewyslas wat op hom

gerus het, gekwyt het. Bygevolg kan eiseres nie slaag nie en moet haar eis van die hand gewys word. Daar is geen rede waarom koste nie die uitspraak behoort te volg nie en sal ek aldus gelas.

XI BEVEL

[40] Weshalwe word die volgende bevel gemaak:

1. Eiseres se eis word van die hand gewys met koste.

J. P. DAFFUE, R

Namens eiseres: Adv. J. Els

In opdrag van:

E.G. Cooper Majiedt Ing

BLOEMFONTEIN

Namens verweerder: Adv. H.J. Benade

Symington en De kok

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2015/73.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/n-v-l-unknown-topic-afshc-2015>

Prepared on 14 October 2026 · Esheria